Dít is die magte, verpligtinge van 'n eksekuteur

Wanneer iemand in Suid Afrika te sterwe kom met 'n geldige testament, word 'n eksekuteur aangestel om die boedel te beredder volgens die wense van die oorledene en ingevolge die wet.

In Suid Afrika kan enige persoon van 16 jaar en ouer per testament beskik oor hoe en aan wie sy of haar bates ná dood verdeel moet word – bekend as testeervryheid. Die Wet op Testamente (Wet 7 van 1953) bepaal dat 'n eksekuteur aangestel moet word om jou boedel te beredder. Die eksekuteur word gewoonlik volgens jou keuse in jou testament genomineer en kan 'n prokureur, ouditeur, trustmaatskappy of 'n ander bevoegde persoon wees.

Die eksekuteur het geen diskresie in die verdeling van jou bates nie en sien bloot toe dat jou wense ingevolge die bepalings van die testament uitgevoer word. In baie gevalle dring die erfgename, gewoonlik die kinders van die oorledene, daarop aan om by die eksekuteur te verneem wat die volgende stap in die proses is, hoeveel geld daar is en wat elkeen kan erf, en hoe gou dit kan gebeur.

Verteenwoordig oorledene

Die eksekuteur volg die wetlike proses, soos gereguleer deur die kantoor van die meester van die hooggeregshof. Die kinders, kleinkinders, vriende en vyande van die oorledene moet besef dat die bates van die oorledene aan die eksekuteur "behoort" vanaf die dag van dood en dat geen ander persoon aan daardie bates en geld mag raak nie.

Die eksekuteur moet ingevolge die wet eers 'n aanstelling van die meester kry voordat hy of sy die bates mag hanteer. Die eksekuteur staan as't ware in die plek van die oorledene.

Intussen is daardie bates en geld onaantasbaar en die mense wat daarna omsien, mag dit nie weggee, verpand, verkoop, wegry of vir eie gebruik vat nie. As iemand toegang gehad het tot die geld in die oorledene se bankrekening mag niemand ná die persoon se afsterwe enige geld daaruit onttrek nie. Daardie geld is die boedel s'n en net die eksekuteur het volmag om die bereddering te doen.

Slegs die eksekuteur mag ná sy of haar aanstelling enige geld opeis by pensioenfondse, uittree-annuïteite, banke, versekeringsmaatskappye, aandelemarkte en skuldenaars. Die eksekuteur kan ingevolge die wet die relevante besonderhede by die persone naaste aan die oorledene aanvra wat nodig is vir die bereddering van die boedel.

Die eksekuteur hoef nie elke stap in die beredderingsproses aan die erfgename te verstrek nie en hoef nie kort-kort 'n opsomming van die polisopbrengste en beleggings aan erfgename te openbaar nie. Die eksekuteur sal, as dit nodig is, met die erfgename in kontak kom.

Geld vir noodgevalle

Dit neem tyd – soms jare – om 'n boedel af te handel. Die eksekuteur moet aan bepaalde voorskrifte voldoen en moet aan die einde van die proses 'n likwidasie-en-distribusierekening opstel wat aan die meester voorgelê word vir goedkeuring.

Langslewende gades en ander begunstigdes kan in noodgevalle, voor die finale afhandeling van die boedel, by die eksekuteur om 'n voorskot aansoek doen. Indien daar genoeg geld beskikbaar is, kan só 'n versoek toegestaan word.

In sekere gevalle, soos in 'n boerdery, kan die erfgename ongelukkig nie wag tot die eksekuteur aangestel word om geld te bekom nie, aangesien diere gevoer of landerye bewerk moet word. Daar moet geld beskikbaar wees.

Veral boere en sakemanne wat as 'n eenmansaak sake doen, se bankrekeninge word by afsterwe gevries. Boere en sakemanne wat die enigste eienaar van 'n maatskappy (of BK) is waarin daar geboer of sake gedoen word, se maatskappy (of BK) se bankrekening word ook gevries en geen verdere geld is beskikbaar nie, al het iemand anders ook tekenregte.

Daarom behoort daar vooraf omvattende boedelbeplanning gedoen te word om te verseker dat die nodige geld ná afsterwe beskikbaar sal wees om met die onderneming en boerdery te kan voortgaan.

Dilemma van verdeling

In die meeste gevalle waar 'n langslewende sterf, bepaal die testament dat die kinders die bates gelykop erf. In baie gevalle is dit vir die eksekuteur moeilik. Hy moet die erfgename om 'n tafel kry om vas te stel hoe die verdeling moet gebeur. Die bates, byvoorbeeld 'n huis, meubels, 'n motor, juwele en kontant, moet só verdeel word dat elkeen 'n gelyke waarde erf.

Gewoonlik moet die eksekuteur 'n herverdelingsooreenkoms opstel waartoe almal moet instem, en almal moet dit onderteken. Die meester moet só 'n ooreenkoms finaal goedkeur. Dit is soms moeilik of selfs onmoontlik om eenstemmigheid te kry, en as almal nie die ooreenkoms onderteken nie, staan die boedel se afhandeling stil.

Indien 'n boedel se waarde minder as R250 000 is, word dit beredder ingevolge artikel 18(3) van die Boedelwet (Wet 66 van 1965), wat beteken dat die meester aan 'n familielid of ander bevoegde persoon magtiging kan verleen om die boedel self af te handel sonder om deur 'n formele beredderingsproses te gaan.

Blote geskille tussen die eksekuteur en erfgename is nie voldoende rede om 'n eksekuteur te verwyder nie. In 'n onlangse saak, Niemand vs. Olivier en Andere (4921/2024), het die hooggeregshof in Mahikeng die verwydering van 'n eksekuteur van die hand gewys, aangesien dit testeervryheid sou ondermyn. Al is een of meer van die erfgename ontevrede, tree die eksekuteur vir ál die erfgename op en bevoordeel nie net sekeres nie. **LBW**

André Eloff (lid van Fisa) is 'n boedelbeplanner by Business & Legal Consultants.

NAVRAE: E-pos: **andre@buslegal.co.za**